
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**MUSIEK V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 34 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**AFDELING A moet op hierdie VRAESTEL beantwoord word.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1** **(25 minute)**

1.1 Voeg maatlyne op die toepaslike plekke in die musiekuittreksel hieronder by.

**Antwoord:**



*1 + 1* (2)

1.2 Skryf die toonsoortteken van die mineur toonsoort waarin die gegewe leitoon voorkom.

**Antwoord:**



*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.3 Skryf die drieklank op die leitoon van G harmoniese mineur. Skryf die drieklank in eerste omkering.

**Antwoord:**



*1 punt*
*½ punt vir foutiewe posisie*
*Enige nootwaarde is aanvaarbaar* (1)

1.4 Voeg 'n skuifteken by om 'n vergrote drieklank te vorm.


**Antwoord:**



*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.5 Skryf 'n dominantsewende akkoord op die gegewe grondnoot, in noue ligging.

**Antwoord:**




*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





1.6.1 Benoem die interval by (P).

**Antwoord:** Mineur 10$^{de}$/Saamgestelde mineur 3$^{de}$ | *1 punt Geen ½ punte* | (1)

1.6.2 Skryf die omkering van die interval by (Q) in die gegewe sleutel hieronder.

**Antwoord:**



*1 punt*
*Geen ½ punte*
*Enige nootwaarde is aanvaarbaar* (1)


1.6.3 Gee die Italiaanse term wat dieselfde as *Lebhaft* beteken.

**Antwoord:** *Allegro*/*Vivace* | *1 punt* | (1)

1.7 Skryf die toonlere hieronder sonder toonsoortteken, volgens die gegewe instruksies.

1.7.1 Skryf 'n opgaande Lidiese modus wat op D begin.

**Antwoord:**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*
*Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie* (2)

1.7.2 Voeg skuiftekens by om die F natuurlike mineur toonleer te vorm.

**Antwoord:**



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*
*Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie* (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.7.3 Verskaf EEN noot onder elke asterisk (*) om die opgaande chromatiese toonleer te voltooi.


**Antwoord:**



**OF**



**OF**



| |
|---|
| *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*<br>*Enige enharmoniese noot is aanvaarbaar* |

(2)
**[15]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 2** **(25 minute)**


**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Gebruik die opening hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm te skep. Skryf in balknotasie OF in solfanotasie.

**Konsepantwoord:**





SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | *1 punt per frase x 3* | | 3 |
| **Notasie**<br>Balknotasie:<br>polse per maat, nootstele, groepering en skuiftekens<br>Solfanotasie:<br>ritme- en toonhoogte-aanduidings | *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* | | 2 |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit:<br>omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie | 9–10 | ***Uitstekend***<br>*Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme* | 10 |
| | 7–8 | ***Goed***<br>*Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat* | |
| | 4–6 | ***Gemiddeld***<br>*Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; toonsoort onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos* | |
| | 0–3 | ***Onaanvaarbaar***<br>*Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen toonsoort-sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme lukraak* | |
| **TOTAAL** | *Nasieners mag ½ punte gebruik* | | **15** |

**[15]**

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2 Skryf 'n oorspronklike twaalfmaat-melodie in drieledige vorm. Gebruik balknotasie OF solfanotasie. Skryf vir enige enkellyn- melodiese instrument OF stemtipe van jou keuse. Noem die instrument OF stemtipe.

Gebruik die volgende om 'n samehangende melodie in E mineur te skep:

- Ritmiese motief: 

**Balknotasie:**

- Gebruik die korrekte sleutel vir jou gekose instrument of stemtipe.
- Voeg die toonsoortteken by.


**Solfanotasie:**

- La is E.

**Konsepantwoord:**

Instrument/Stemtipe:

- Diskantsleutel: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool/Sopraan/Alt/Tenoor/, ens.
- Bassleutel: Tjello/Fagot/Tromboon/Eufonium/Bariton/Bas, ens.
- Altsleutel: Altviool






SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | *1 punt per frase x 3* | | 3 |
| **Notasie**<br>Balknotasie:<br>polse per maat, nootstele, groepering, skuiftekens, aanduiding van sleutel en toonsoortteken<br>Solfanotasie:<br>ritme- en toonhoogte-aanduidings | *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* | | 2 |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid vir instrument of stem (omvang), gebruik van gegewe ritmiese motief, musikaliteit (omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie) | 9–10 | ***Uitstekend***<br>*Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; gegewe ritmiese motief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme* | 10 |
| | 7–8 | ***Goed***<br>*Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; gegewe ritmiese motief sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat* | |
| | 4–6 | ***Gemiddeld***<br>*Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; gegewe ritmiese motief nie goed gebruik; toonsoort onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos* | |
| | 0–3 | ***Onaanvaarbaar***<br>*Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; gegewe ritmiese motief geïgnoreer; geen toonsoort-sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme lukraak* | |
| **TOTAAL** | *Nasieners mag ½ punte gebruik* | | **15** |

**[15]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1.1 Wat is die verwantskap tussen maat 1–2 en maat 5–6?

**Antwoord:**
- Maat 5–6 is 'n gevarieerde herhaling van maat 1–2.

*EEN punt* (1)

3.1.2 Lewer kommentaar op die gebruik van toonsoort in maat 1–4.

**Antwoord:**
- Die eerste twee mate is in A mineur en maat 3–4 is in C majeur.

*EEN punt* (1)

3.1.3 Besyfer die akkoorde by (a) tot (f) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. $III^{+6}/III^{+b}$.

**Antwoord:** Sien partituur

*1 punt per akkoord = 6 punte*
*Minus ½ punt as omkering of 7de weggelaat of foutief is* (6)

3.1.4 Besyfer die akkoorde by (Z) op die partituur en benoem die kadens.

**Antwoord:** Sien partituur
Akkoorde: iv – i
Kadens: Plagale kadens

*Akkoorde = 2 punte*
*Kadens = 1 punt* (3)

3.1.5 Benoem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

**Antwoord:**
(i) (Bo-) Hulpnoot/Wisselnoot
(ii) Vooruitneming

*2 x 1* (2)

3.1.6 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenoot-waarde vir jou antwoord.

**Antwoord:** Sien partituur
(iii) Deurgangsnoot
(iv) Terughouding

*2 x 1* (2)
**[15]**

**OF**


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**




3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (g). Skryf akkoordsimbole in die spasies bokant die notebalk, bv. G/B.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 7 punte* <br> *Minus ½ punt as omkering of uitbreiding weggelaat of foutief is* |

(7)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.2 Skryf die akkoordsimbole by (m) en (n) en benoem die kadens by (X).

**Antwoord:**
Akkoorde: $E^7$ – Am
Kadens: Volmaakte kadens

| | |
|---|---|
| *Akkoorde* | *= 2 punte* |
| *Kadens* | *= 1 punt* |
| *Minus ½ punt as 7de weggelaat is* | |

(3)

3.2.3 Lewer kommentaar op die bassleutelparty in maat 1–3.

**Antwoord:**
- Die eerste maat word twee keer herhaal met 'n klein variasie in maat 3
- Daar is 'n ostinato-patroon in die eerste drie mate
- Daar is twee stempartye: bas en tenoor
- Die baslyn vorm 'n pedaalpunt terwyl die hoë stem verander en in kwartnote beweeg
- Die hoë stem (tenoor) beweeg in halftone

*Enige EEN* (1)

3.2.4 Benoem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

**Antwoord:**
(i) (Onder-) Hulpnoot/Wisselnoot
(ii) Deurgangsnoot *2 x 1* (2)

3.2.5 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenoot-waarde vir jou antwoord.

**Antwoord:** Sien partituur
(iii) Vooruitneming
(iv) Terughouding *2 x 1* (2)

**[15]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Sluit die volgende in:

- Deurgangs-tweede-omkering-($^6_4$)progressie
- 'n Onderbroke kadens
- 'n Geskikte progressie vir die stygende leitoon by (X)

**Konsep-antwoord:**






SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | *Insluitend die gelyste akkoorde* | | 14 |
| **Notasie en stemvoering** | *8 – (aantal foute ÷ 4)* | | 8 |
| **Kwaliteit** | 6½–8 | ***Uitstekend***<br>*Uitstaande sin vir koraalstyl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van omkerings bewerkstellig uitstekende progressie; kreatiewe melodiese baslyn; alt en tenoor beweeg meestal trapsgewys; verbeeldingryke gebruik van nie-harmonienote; gladde, akkurate of verbeeldingryke stemvoering* | 8 |
| | 5½–6 | ***Goed***<br>*Redelike sin vir koraalstyl; akkoordkeuse sluit sekondêre akkoorde en omkerings in; baslyn bevat goeie balans tussen trapsgewyse beweging en aanvaarbare spronge; alt en tenoor speel 'n bindende rol binne 'n kompakte omvang; meestal gladde en korrekte stemvoering* | |
| | 3½–5 | ***Gemiddeld***<br>*'n Beperkte sin vir koraalstyl; akkoordkeuse meestal grondposisie van primêre akkoorde; baslyn onsamehangend en nie duidelik beplan nie; alt en tenoor toon lukrake beweging; stemvoering lukraak met tipiese foute* | |
| | 0–3 | ***Swak***<br>*Geen sin vir koraalstyl; onsamehangende akkoorde; stemme is slegs 'ingevul', geen onderskeibare stemvoering tussen akkoorde; onsamehangende of geen baslyn; geen sin vir progressie; substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; akkoorde losweg of slegs note neergeskryf* | |
| *Nota aan nasiener: Punt uit 30 mag nie ½ punte bevat nie* | | | **(30 ÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

*Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir simbole as sodanig toegeken nie.*

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in halfnote by te voeg. Gaan voort in die styl voorgestel deur die openingsmaat en gee aandag aan stemvoering en spasiëring/uitleg. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die gegewe akkoordsimbole
- ii – V – I-progressie in D
- 'n Dominantnegende akkoord by die asterisk (*)

**Konsep-antwoord:**





SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| **BESKRYWING** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | *Insluitend die gelyste akkoorde* | | 14 |
| **Notasie en stemvoering** | *8 – (aantal foute ÷ 4)* | | 8 |
| **Kwaliteit** | 6–7 | ***Uitstekend***<br>*Uitmuntende begrip vir die voorgestelde jazz-styl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoering ('voicing') bewerkstellig uitstekende vloei; verbeeldingryke realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie* | 8 |
| | 5–5½ | ***Goed***<br>*Redelike sin vir die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse sluit uitgebreide akkoorde, sekondêre akkoorde en omkerings in; die gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoering bewerkstellig goeie vloei; aanvaarbare realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie* | |
| | 3–4½ | ***Gemiddeld***<br>*'n Beperkte sin vir die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse meestal grondposisie van primêre drieklanke; gebruik van akkoorde en stemvoering bewerkstellig aanvaarbare vloei; baie basiese realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie* | |
| | 0–2½ | ***Swak***<br>*Geen sin vir die voorgestelde jazz-styl; onsamehangende akkoorde; geen ware progressie en stemvoering; lukrake akkoorde; 'n substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; akkoorde en note losweg neergeskryf* | |
| *Nota aan nasiener: Punt uit 30 mag nie ½ punte bevat nie* | | | **(30 ÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

*Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir simbole as sodanig toegeken nie.*

**TOTAAL AFDELING A: 60**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS** **(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.**

| *Nota aan nasiener: een punt word vir elke korrekte feit toegeken. Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn gegee word nie.* |
|---|

**AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.

5.1.1 Die bestuur van musiekgebruikers se lisensiefooie is die verantwoordelikheid van …

**Antwoord:** C 'n kollekteeragentskap. *1 punt* (1)

5.1.2 SAMRO …

**Antwoord:** D Al die bogenoemde *1 punt* (1)

5.1.3 Die korrekte volgorde van stappe voordat 'n nuwe lied bemark word, is …

**Antwoord:** D Al die bogenoemde *1 punt* (1)

5.1.4 Meganiese regte word deur … geadministreer.

**Antwoord:** B CAPASSO. *1 punt* (1)

5.1.5 Om tantième te ontvang, moet 'n komponis …

**Antwoord:** D by 'n kollekteeragentskap registreer. *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

5.2 Beantwoord die volgende vrae:

5.2.1 Verduidelik *naaldtydregte*.

**Antwoord:**
Dit is die reg van kunstenaars en komponiste om 'n fooi te ontvang wanneer hul musiek uitgesaai of gestroom word.

*Wie = ½ punt*
*Waar = ½ punt*
*Uitsaai = 1 punt* (2)

5.2.2 Skryf die naam neer van 'n kollekteeragentskap wat naaldtydregte hanteer.

**Antwoord:** RISA/SAMPRA *1 punt* (1)

5.3 Noem TWEE opnamemaatskappye.

**Antwoord:** EMI/Gallo/Universal/Sony *Enige TWEE* (2)

**TOTAAL AFDELING B: 10**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

## VRAAG 6

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 In isishameni word die maskanda-kitaar op … gestem.

**Antwoord:** D DADABD *1 punt* (1)

6.1.2 Watter EEN van die volgende instrumente sal waarskynlik NIE in maskanda gebruik word NIE?

**Antwoord:** A Djembetromme *1 punt* (1)

6.1.3 Ukuvamba is 'n kitaartegniek waar …

**Antwoord:** C die kitaar perkussief getokkel word. *1 punt* (1)

6.1.4 Watter EEN van die volgende is 'n kenmerk van isihlabo?

**Antwoord:** B Isihlabo stel aan die begin van die stuk die toon vas. *1 punt* (1)

6.1.5 Umakhweyane is …

**Antwoord:** C 'n booginstrument wat botone produseer. *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

6.2 Verduidelik *melodie* in inheemse Afrika-musiek.

**Antwoord:**
- Melodie word in roep en antwoord gebruik.
- Melodie word meestal gesing (eerder as om op instrumente gespeel te word).
- Melodiese kontoer word deur die tooninfleksie van die taal beïnvloed.
- Melodielyn is dikwels gefragmenteer/gebroke eerder as lank.
- Melodiese fragmente word herhaal.

*Enige TWEE* (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.3 Verduidelik DRIE wyses waarop die woord *kwêla* in die verlede gebruik is.

**Antwoord:**

- Dit is dikwels gedurende 'n voordrag uitgeroep om mense aan te moedig om op te staan en te begin dans.
- Die opdrag 'kwêla!' is onder musikante gebruik om iemand aan te moedig om 'n solo te doen.
- Die term is deur die polisie gebruik om iemand te beveel om in 'n polisie-vangwa te klim.
- Die woord 'Kwêla-Kwêla' het na die berugte polisievangwaens gedurende die apartheidsjare verwys.

*Enige DRIE* (3)

6.4 Kies die item in KOLOM A wat by die kunstenaar/groep in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.5) neer, bv. 6.4.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.4.1 | Umama | A | Soul Brothers |
| 6.4.2 | TTBB | B | Lemmy Mabaso |
| 6.4.3 | Umgqashiyo | C | Thee Legacy |
| 6.4.4 | Penniefluitjie | D | Philip Tabane |
| 6.4.5 | Koedoehoring | E | Inkunz' Emdaka |
| | | F | Mahlathini |

**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| 6.4.1 | E |
| 6.4.2 | C |
| 6.4.3 | F |
| 6.4.4 | B |
| 6.4.5 | D |

*5 x 1* (5)

6.5 Beskryf die rol van abavumayo in maskanda.

**Antwoord:**

- Abavumayo (agtergrondsangers) skep en stel die atmosfeer en algehele stemming van die lied vas.
- Hulle sing die antwoord op die voorsanger se roep.
- Hulle is kundig oor die verwerkings van die maskanda-liedjies wat hulle uitvoer.
- Hulle skep 'n ritmiese en harmoniese vokale begeleiding.
- Hulle skep/choreografeer en voer die dansbewegings tydens 'n voordrag uit.

*Enige DRIE* (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.6 Verduidelik hoe izibongo in die lied *Kuke Kwagijim' Iveni* gebruik word.

**Antwoord:**

- Izibongo (lofdig) kom reeds vroeg in die liedjie voor.
- Die sanger gebruik 'n natuurlike spraakinfleksie eerder as die gebruiklike falsetto.
- Dit word teen 'n vinnige pas opgesê.
- Krepitasies word gebruik om opwinding op te wek, bv. gefluitery of plofgeluide.
- Die sanger groet en stel homself voor (self-lofdig), sê waar hy vandaan kom, vertel hoe sleg dit gegaan het en hoedat dit, deur die genade van God, nou beter gaan.

*Enige TWEE* (2)

**[20]**

**VRAAG 7**

Beskryf die sangstyl van Philip Tabane.

**Antwoord:**

- Falsetto-sang roep 'n melankoliese en nostalgiese gevoel op.
- 'n Vokale wieg-effek kom voor.
- Fonestetika, bv. '*ilili, lalala, welele*', word algemeen gebruik as deel van die melodiese vloei.
- Onomatopeïese en scat-sang word gebruik om malombo-geeste gedurende uitvoerings op te roep.
- Hy boots die melodie wat hy op die kitaar speel na.
- Hy wissel harmoniesang en unisoonsang met die kitaarmelodie af.
- Glysang ('scooping') is 'n algemene kenmerk.

*Enige VYF* **[5]**

**VRAAG 8**

Bespreek die gebruik van ritme in kwêla.

**Antwoord:**

- Die ritme van die begeleiding kan beskryf word as 'n wiegende skiffel.
- 
- Die basiese ritme word deur die kitaar eerder as die tromstel verskaf.
- Die perkussieparty versterk die kitaarparty.
- Kwêla word in 'n swing-styl gespeel.
- Die tromstel gebruik dikwels die 'kick' of 'fill' om die einde van 'n viermaat-siklus/vers aan te dui.
- Die ritmiese basis stam af van die soliede vier-vier maatslag en swing-gevoel van die Count Basie-tipe big band.
- In sommige liedere word 'n subtiele twee-teen-drie kruisritme tussen die instrumente gehoor.
- Die nousluitende (of 'hocket') tegniek kan duidelik gehoor word in komposisies wat uitroepe en gefluitery op die agstenote tussen maatslae bevat.

*Enige VYF* **[5]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 9**

Bespreek die tradisionele isicathamiya-sangstyl.

**Antwoord:**

- Isicathamiya is 'n a cappella-koor-sangstyl.
- Dit word afgelei van die tradisionele roep en antwoord musiek wat gekombineer word met 'n gesang-agtige klank.
- Dit is 'n kombinasie van Christelike koorsang en swart Amerikaanse troebadoersang.
- Dit word uitgevoer deur mansensembles wat in grootte wissel van ongeveer 4 tot 20 sangers.
- Ensembles sing in vierstemmige harmonie en word gewoonlik deur 'n tenoor-solis gelei.
- isiZulu is die hooftaal van die uitvoerings, alhoewel heelwat liedere ook Engels mag bevat.

*Enige VYF* **[5]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel en bespreek kortliks die ooreenkomste en verskille tussen Mahlathini en die Mahotella Queens, en Soul Brothers. Verwys na *Melodi Yalla* en *Wamuhle*.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Ooreenkomste | 4 |
| Verskille | 8 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**Antwoord:**
**Voorbeeld van 'n inleiding**
Mahlathini en die Mahotella Queens, en Soul Brothers se musiek toon baie styl-ooreenkomste, maar ook -verskille.

**Ooreenkomste**

- Beide sing en speel in 'n mbaqanga-styl.
- Die begeleidingsgroep vir albei bestaan uit tromstel, ritme- en baskitaar, en klawerbord.
- Mbaqanga gebruik 'n sikliese harmoniese progressie wat uit drie akkoorde bestaan: I – IV – V.
- Beide gebruik roep en antwoord.
- Herhalende melodieë word meer gereeld aangetref as melodiese ontwikkeling.

*Enige VIER*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Verskille**

| **Mahlathini en die Mahotella Queens - *Melodi Yalla*** | **Soul Brothers - *Wamuhle*** |
|---|---|
| • Hulle gebruik tradisionele Zulu-musiek wat deur swart Amerikaanse funk en rock beïnvloed is. | • Hulle gebruik tradisionele Zulu musiek wat deur Amerikaanse soul beïnvloed is. |
| • Die kitaar is die hoof begeleidings-instrument. | • Die orrel is die hoof begeleidings-instrument. |
| • Die musiek is energiek en vinnig. | • Die musiek is sagter en ligter. |
| • amaZulu indlamu dansbewegings word in 'n voordrag gebruik. | • Ukucothoza dansbewegings en moderne dans word in 'n voordrag gebruik. |
| • *Melodi Yalla* het 'n mansvoorsanger en vroue-agtergrondsangers. | • *Wamuhle* word deur 'n mansgroep uitgevoer. |
| • Improvisasie is dikwels op saksofoon en kitaar. | • Improvisasie is dikwels op orrel. |

*Enige VIER korrelerende verskille x 2 = 8*

**Voorbeeld van 'n slot**
Alhoewel Mahlathini en die Mahotella Queens, en Soul Brothers heelwat in gemeen het wat styl betref, is elkeen kreatiewe kunstenaars in eie reg en is daar heelwat verskille tussen die twee groepe.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| **KRITERIA** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| Ooreenkomste | | | 4 |
| Verskille | | | 8 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Gemiddeld***<br>*Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*Geen duidelike inleiding of afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*Enkele paragraaf, swak poging met die skryf van die opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Onaanvaarbaar***<br>*Slegs enkele puntsgewyse feite* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

OF SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING D: JAZZ

## VRAAG 11

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 'n Suid-Afrikaanse styl wat die ontwikkeling van mbaqanga beïnvloed het, is …

**Antwoord:** D kwêla. *1 punt* (1)

11.1.2 'n Chordofoon word …

**Antwoord:** A gepluk. *1 punt* (1)

11.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE gewoonlik deel van 'n big band NIE?

**Antwoord:** C Basklarinet *1 punt* (1)

11.1.4 In watter EEN van die volgende musiekelemente sou 'n sikliese patroon meer algemeen voorkom?

**Antwoord:** B Harmonie *1 punt* (1)

11.1.5 Watter EEN van die volgende verwys na comping?

**Antwoord:** C Ritmiese en akkoordbegeleiding *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

11.2 Beskryf die oorsprong van marabi.

**Antwoord:**

- Marabi ontstaan in die 1920's in Johannesburg.
- Die musiek is gebruik vir sosiale geleenthede.
- Die styl is beïnvloed deur:
  - Kaapse volksdanse/tiekiedraai.
  - Xhosa volksliedere.
  - vroeë Amerikaanse populêre musiek en jazz.
  - ragtime en blues.

*Enige DRIE* (3)

11.3 Verduidelik DRIE maniere waarop die woord *kwêla* in die verlede gebruik is.

**Antwoord:**

- Dit is dikwels gedurende 'n voordrag uitgeroep om mense aan te moedig om op te staan en te begin dans.
- Die opdrag 'kwêla!' is onder musikante gebruik om iemand aan te moedig om 'n solo te doen.
- Die term is deur die polisie gebruik om iemand te beveel om in 'n polisie-vangwa te klim.
- Die woord 'Kwêla-Kwêla' het na die berugte polisievangwaens gedurende die apartheidsjare verwys.

*Enige DRIE* (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

11.4 Kies die item in KOLOM A wat by die kunstenaar/groep in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (11.4.1 tot 11.4.5) neer, bv. 11.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 11.4.1 | *Mra* | A | Zim Ngqawana |
| 11.4.2 | Ghoema | B | Spokes Mashiyane |
| 11.4.3 | *Langa More* | C | Abdullah Ibrahim |
| 11.4.4 | Skiffel-agtige maatslag | D | Philip Tabane |
| 11.4.5 | Fluit | E | Brotherhood of Breath |
| | | F | The Flying Jazz Queens |
| | | G | Feya Faku |

**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| 11.4.1 | E |
| 11.4.2 | C |
| 11.4.3 | F |
| 11.4.4 | B |
| 11.4.5 | D |

*5 x 1* (5)

11.5 Beskryf TWEE belangrike bydraes van Zim Ngqawana.

**Antwoord:**
- Sy musiek demonstreer 'n progressiewe/avant-garde benadering tot moderne jazz deur 'n samesmelting van talle eksterne invloede sonder om sy oorspronklike ryk erfenis en inheemse Afrika-klank te versaak.
- Hy ontwikkel 'n plaaslike saksofoonstyl deur sy eie vokale nuanses na te boots.

*2 punte* (2)

11.6 Beskryf melodie in Cape jazz kortliks.

**Antwoord:**
- Cape jazz-melodie is improvisatories in karakter.
- Dit is gesang-agtig, met soepel en vloeiende lyne.
- Dit is gebaseer op blues en volksliedere.
- Dit is gebaseer op Kaapse Maleier, Khoi en San vokale tradisies.

*Enige TWEE* (2)
**[20]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 12**

Beskryf die styl van Brotherhood of Breath.

**Antwoord:**


- Die styl is beïnvloed deur:
  - die ritmiese voortstuwing van gedrewe blues.
  - die eksperimentalisme wat in die musiek van Thelonious Monk en Charles Mingus gevind word.
  - die herhalende patrone van populêre en tradisionele Suid-Afrikaanse musiekstyle soos marabi, kwêla en boogmusiek.
- 'n Big band-klank was die basis, beïnvloed deur 'n wisselende ensemble van instrumentaliste.
- Instrumentaliste is artistieke vryheid gegee in die groep se vroeë styl.
- Die groep se latere styl het meer nougesette verwerkings met minder improvisasie ingesluit.

*Enige VYF* **[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek die gebruik van ritme in kwêla.

**Antwoord:**

- Die ritme van die begeleiding kan beskryf word as 'n wiegende skoffel.
- 
- Die basiese ritme word deur die kitaar eerder as die tromstel verskaf.
- Die perkussieparty versterk die kitaarparty.
- Kwêla word in 'n swing-styl gespeel.
- Die tromstel gebruik dikwels die 'kick' of 'fill' om die einde van 'n viermaat-siklus/vers aan te dui.
- Die ritmiese basis stam af van die soliede vier-vier maatslag en swing-gevoel van die Count Basie-tipe big band.
- In sommige liedere word 'n subtiele twee-teen-drie kruisritme tussen die instrumente gehoor.
- Die nousluitende (of 'hocket') tegniek kan duidelik gehoor word in komposisies wat uitroepe en gefluitery op die agstenote tussen maatslae bevat.

*Enige VYF* **[5]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 14**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die wêreldmusiekstyle wat Miriam Makeba beïnvloed het, bespreek.

**Antwoord:**
- Miriam Makeba is beïnvloed deur marabi, mbaqanga, tradisionele Afrika-musiek en Afro-soul.
- Sy vermeng tradisionele en internasionale style.
- Invloede van kultuur-gebaseerde liedere, bv. Engelse ballades, Portugese fados, Brasiliaanse bossa novas, Hebreeuse en Jiddisje melodieë en Haïtiese dreunsange word in haar musiek gehoor.
- Daar is invloede van haar erfenis van die tradisionele liedere van die amaXhosa- en amaZulu-kulture.
- Sy gebruik unieke klanke van haar moedertaal, isiXhosa, bv. klik-klanke.
- Sommige liedere gebruik helings-dreunsange van die amasangoma (tradisionele helers).
- Jazz-invloede sowel as R&B en popmusiek is ook deel van haar styl.
- Sy het dikwels mansagtergrondsangers wat deur mbube kore geïnspireer is by haar opvoerings ingesluit.

*Enige VYF* **[5]**

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel waarin jy die lied *Ujomela* deur die Makgonatsohle Band beskryf. Sluit die oorsprong en styleienskappe van mbaqanga in.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| *Ujomela* | 8 |
| Oorsprong en styleienskappe van mbaqanga | 4 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**Antwoord:**
**Voorbeeld van 'n inleiding**
*Ujomela* is 'n tipiese voorbeeld van mbaqanga-styl.

***Ujomela***
- *Ujomela* is 'n instrumentale stuk.
- *Ujomela* gebruik baskitaar, elektriese kitaar, saksofoon en tromstel.
- Die stuk begin met 'n kort geïmproviseerde inleiding op kitaar.
- Die inleiding word gekenmerk deur 'n ritmies dubbelslagtige solo-kitaarlyn.
- Die tromme en baskitaar stel 'n viermaat-akkoordprogressie vas.
- Die hoof melodiese instrument is die saksofoon.
- Die baslyn verskaf die harmoniese raamwerk met 'n duidelike I – IV – V – I akkoordprogressie.
- Die baslyn het ook 'n kragtige voorwaarts-gedrewe klank en polsslag met herhalende ritmiese idees.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Roep en antwoord tussen die kitaar en baskitaar kom dikwels voor.
- Daar is ook roep en antwoord tussen die saksofoon en baskitaar.
- Die lied het 'n danskarakter.

*Enige AG*

**Oorsprong en styleienskappe van mbaqanga**

- Die kitaarinleiding, tipies van hierdie styl, is deur die Afrika kalbasboog beïnvloed.
- Mbaqanga het as 'n instrumentale genre ontstaan (soos in *Ujomela)* maar het later meer gewild geword toe die Mahotella Queens 'n vokale weergawe gesing het.
- Die hoof melodiese instrument was die saksofoon (wat die penniefluitjie wat in kwêla-musiek gebruik is, vervang het).
- Die styl toon 'n vermenging van kulture - toe mense van die platteland na die stede gemigreer het, is hulle beïnvloed deur die vroëere style van marabi en kwêla.
- Migrasie na die stede het mense ook aan die herhalende struktuur van marabi blootgestel.
- 'n Vermenging van Amerikaanse jazz, mbube, kwêla en marabi het in die stede plaasgevind.
- Mbaqanga sluit tradisionele dansstyle, bv. die amaZulu indlamu in.
- Tradisionele amaZulu-musiek is gekombineer met township-musiek.
- Mbaqanga behou die danskarakter, maar word met 'n meer kragtige klank en gedrewe polsslag as kwêla en ander dansgenres gespeel.
- Die gebruik van Westerse instrumente het daartoe bygedra dat mbaqanga ontwikkel het in 'n Suid-Afrikaanse weergawe van jazz.

*Enige VIER*

**Voorbeeld van 'n slot**

*Ujomela* reflekteer die ware oorsprong en styleienskappe van mbaqanga.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Ujomela</td><td colspan="2"></td><td>8</td></tr>
<tr><td>Oorsprong en styleienskappe van mbaqanga</td><td colspan="2"></td><td>4</td></tr>
<tr><td rowspan="6">Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel</td><td>Uitstekend<br>Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel</td><td>= 3 punte</td><td rowspan="6">3</td></tr>
<tr><td>Goed<br>Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel</td><td>= 2-2½ punte</td></tr>
<tr><td>Gemiddeld<br>Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel</td><td>= 1½ punte</td></tr>
<tr><td>Ondergemiddeld<br>Geen duidelike inleiding of afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel</td><td>= 1 punt</td></tr>
<tr><td>Swak<br>Enkele paragraaf, swak poging met die skryf van die opstel</td><td>= ½ punt</td></tr>
<tr><td>Onaanvaarbaar<br>Slegs enkele puntsgewyse feite</td><td>= 0 punte</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2"></td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

## VRAAG 16

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 Die korrekte kombinasie van Italiaanse terme wat 'n rustige looppas aandui, is …

**Antwoord:** D andante tranquillo. *1 punt* (1)

16.1.2 Basso continuo is tipies van die …

**Antwoord:** A Barok-stylperiode. *1 punt* (1)

16.1.3 'n Standaard Klassieke orkes sluit NIE ... in NIE.

**Antwoord:** C tubas *1 punt* (1)

16.1.4 'n Menuet en trio ...

**Antwoord:** B is in saamgestelde drieledige vorm. *1 punt* (1)

16.1.5 'n Voorbeeld van 'n dubbelriet-blaasinstrument is 'n …

**Antwoord:** C fagot. *1 punt* (1)

*5 x 1 = 5*

16.2 Verduidelik kortliks *enkelvoudige drieledige vorm*. Verwys na struktuur en toonsoort in jou antwoord.

**Antwoord:**

- Drieledige vorm het drie seksies: A-B-A.
- Die tweede A-seksie dupliseer die materiaal van die eerste A-seksie terwyl die B-seksie kontrasterende materiaal bevat.
- Die twee A-seksies is in die tonikatoonsoort terwyl die B-seksie in 'n kontrasterende toonsoort is, bv. dominant, verwante mineur/majeur, ens.

*3 punte* (3)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

16.3 Kies die korrekte beweging van 'n tipiese Klassieke simfonie in KOLOM B wat by die vormtipe in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.3.1 tot 16.3.3) neer, bv. 16.3.4 E.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 16.3.1 Sonatevorm | A eerste beweging |
| 16.3.2 Menuet en trio | B tweede beweging |
| 16.3.3 Tema en variasies | C derde beweging |
| | D vierde beweging |

**Antwoord:**

| | |
|---|---|
| 16.3.1 | A |
| 16.3.2 | C |
| 16.3.3 | B |

*3 x 1* (3)

16.4 Watter van die volgende word met toonhoogte geassosieer?

- Register
- Metrum
- Ritme
- Melodie
- Omvang
- Dinamiek

**Antwoord:**

- Register
- Melodie
- Omvang

*3 x 1* (3)



SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

16.5 Beskryf TWEE verskille tussen *resitatief* en *aria* met betrekking tot begeleiding en storielyn.

**Antwoord:**

| | **Resitatief** | **Aria** |
|---|---|---|
| **Begeleiding** | • Dit word gewoonlik op die klawesimbel en tjello begelei.<br>• Die yl aard van die akkoordbegeleiding ondersteun die verhalende aard van die libretto. | • Dit word deur orkes begelei.<br>• Die orkestrasie ondersteun die emotiewe inhoud van die aria. |
| **Storielyn** | • Die libretto het 'n vinnige pas.<br>• Die libretto beskryf die aksie.<br>• Die resitatief gee 'n monoloog of dialoog weer. | • Die libretto se pas wissel.<br>• Die aksie kom tot stilstand.<br>• Die aria beskryf die karakter se emosie of reaksie op iets wat in die verhaal gebeur het. |

*Enige TWEE korrelerende feite x 2 = 4* (4)

16.6 Gee EEN woord of term vir ELK van die volgende beskrywings:

16.6.1 'n Aangehoue toon in een stem met veranderende harmoniese materiaal in die oorblywende stemme

**Antwoord:**
Pedaalpunt/dreunbas *1 punt* (1)

16.6.2 'n Instrumentale ensemble van drie instrumente waarvan een 'n klavier is

**Antwoord:**
Klaviertrio *1 punt* (1)

*2 x 1 = 2*

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 17

17.1 Noem TWEE Vrymesselaarstemas en beskryf die manier waarop dit in die musiek van die opera *Die Towerfluit* geïnkorporeer word.

**Antwoord:**
**Temas**

- Die beginsel van lig (goed) teenoor donkerte (boos):
  - Die karakter van Sarastro (edele karakter, basstem) kontrasteer met die Koningin van die Nag (bose karakter, koloratuursopraan).
  - Sarastro sing die laagste noot en die Koningin van die Nag die hoogste noot in die opera. Dit omlyn die uiterstes tussen goed en boos.
- Die nommer 3:
  - Drie akkoorde word aan die begin van die ouverture gehoor.
  - Drie trombone word by die orkes gevoeg.
  - Die toonsoort van E-mol majeur met drie molle word gebruik.
- Die ideale van vryheid, gelykheid en broederskap:
  - Die libretto omarm hierdie ideale regdeur die opera.
  - Die musiek benadruk die storielyn wat vorder vanaf chaos en woede aan die begin van die storielyn (die Koningin van die Nag sing in 'n mineur toonsoort teen 'n vinnige tempo) tot waar die karakters in die rasionele en vredeliewende beginsels van die Vrymesselaars opgevoed is.
  - Die laaste duet is in 'n majeur toonsoort, met gebalanseerde frases wat vrede, rus en tuiskoms suggereer.

*Tema + beskrywing x 2 = 4* (4)

17.2 Noem EEN ander opera wat deur Mozart gekomponeer is.

**Antwoord:**
*Don Giovanni*/*Die Huwelik van Figaro*/*Cosi fan Tutte*/Enige ander korrekte titel

*1 punt* (1)
**[5]**

## VRAAG 18

Skryf 'n paragraaf waarin jy die oorsprong van opera beskryf.

**Antwoord:**

- Die konsep van opera het aan die einde van die 16de eeu in Florence (Italië) ontstaan.
- Opera was 'n belangrike nuwe genre in sekulêre musiek, in 'n tyd toe musiek meestal gewyd van aard was.
- 'n Groep kunstenaars, skrywers en musikante, die Florentynse Camerata, wou die antieke Griekse praktyk van teateropvoerings waarin die teks deur solo-stemme gesing is, laat herleef.
- Dit was ongewoon, want die meeste vokale musiek was destyds polifoniese koormusiek.
- Rolspelers in die ontwikkeling van opera was:
  - Jacopo Peri, wat die eerste opera, *Dafne*, in 1597 geskryf het
  - Giulio Caccini, wat sy *Euridice* in 1602 geskryf het
  - Claudio Monteverdi, wat *La favola d'Orfeo* in 1607 geskryf het

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Monteverdi het gehelp om die grondslag van die operastruktuur te vestig:
  - die eerste opera met orkes
  - die eerste opera met 'n instrumentale inleiding
  - die eerste opera met 'n gedrukte libretto wat deur die gehoor gevolg kon word
  - die eerste opera wat ‘n onderskeid tussen aria en resitatief gemaak het
- In opera het 'n nuwe vokale styl verskyn; monodie, waar 'n solo-melodie deur basso continuo begelei word.

*Enige VYF* **[5]**

**VRAAG 19**

Beethoven het 'n beweging by die standaard Klassieke simfonie in sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur, Op. 68* gevoeg.

Beskryf die ekstra beweging deur na konteks, vorm, toonsoort en enige TWEE programmatiese elemente te verwys. **[5]**

**Antwoord:**

- Beethoven het 'n ekstra beweging tussen die derde en vierde bewegings van 'n standaard Klassieke simfonie bygevoeg, wat vyf bewegings tot gevolg gehad het.
- Die vierde beweging is in episodiese (vrye) vorm.
- Die toonsoort is F mineur, wat die parallelle tonika toonsoort van die hooftoonsoort (F majeur) is.
- Die titel van hierdie ekstra beweging is *Donderstorm*.
- Instrumente (twee trombone en 'n piccolo) word by die standaard Klassieke orkes gevoeg om die effek van 'n donderstorm in die platteland soos volg te versterk:
  - Die aanvanklike reëndruppels word deur staccato's op die strykers voorgestel.
  - Die piccolo boots die klank van die wind na wat bokant die gedreun van donderslae gehoor kan word.
  - Die timpani kry 'n prominente rol deur donderslae na te boots.
  - Vinnig-stygende arpeggio-figure in die strykerseksie boots die opbou van die storm na.
  - Die trombone voeg intensiteit en gravitas by.

| | |
|---|---|
| *Konteks* | *= 1 punt* |
| *Vorm* | *= 1 punt* |
| *Toonsoort* | *= 1 punt* |
| *Programmatiese elemente* | *= Enige TWEE* |

**[5]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 20**

Skryf 'n opstel oor Mendelssohn se *Die Hebrides* waarin jy die oorsprong en vorm, sowel as instrumentasie en orkestrasie bespreek.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Oorsprong | 2 |
| Vorm | 6 |
| Instrumentasie en orkestrasie | 4 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**Antwoord:**
**Voorbeeld van 'n inleiding**
Mendelssohn word algemeen beskou as 'n Klassieke-Romantiese komponis, en *Die Hebrides Op. 26* is 'n vroëe voorbeeld van 'n konsertouverture.

**Oorsprong**
- *Die Hebrides* is in 1830 gekomponeer terwyl hy Skotland besoek het, spesifiek Staffa Eiland wat een van die binne-Hebrides eilande langs die kus van Skotland is.
- Na afloop van 'n bootrit na die eiland het hy dadelik die eerste tema, die sogenaamde 'lapping wave'-tema, neergeskryf.
- Hy verduidelik in 'n brief aan sy suster hoedat sy ervaring hom geïnspireer het om hierdie tema neer te pen.
- Die eerste werkstitel was *The Lonely Island*, maar is in 1832 hersien en hernoem.

*Enige TWEE*

**Vorm**
- Hierdie is 'n konsertouverture, 'n losstaande enkel-bewegingwerk vir orkes.
- Dit is in sonatevorm.
- Die uiteensetting is in B mineur en begin sonder inleiding met die eerste tema (die 'lapping wave'-tema).
- 'n Brugpassasie lei na die tweede tema in D majeur.
- Die ontwikkeling word deur 'n trompet fanfare aangekondig.
- Die twee hooftemas word ontwikkel en toonsoortveranderings volg vinnig opmekaar.
- 'n Opgaande chromatiese toonleer in unisoon deur die volle orkes lei terug na die heruiteensetting in B mineur.
- Die brugpassasie na die tweede tema in B majeur bevat nuwe materiaal.
- Die koda is uitgebrei.

*Enige SES*

**Instrumentasie en orkestrasie**
- *Die Hebrides* is geskryf vir 'n standaard Klassieke orkes, d.i. houtblasers in pare (fluite, klarinette, hobo's, fagotte), koperblaasinstrumente (trompette en Franse horings), perkussie (timpani) en strykers (eerste viole, tweede viole, altviole, tjello's en kontrabasse).

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Mendelssohn het nie enige instrumente by die orkes gevoeg nie, maar vereis 'n hoë vlak van vaardigheid van die standaard orkes.
- Hy gebruik innoverende orkestrasie met nuwe kombinasies van timbres om die atmosfeer van 'n seelandskap te suggereer.
- In die uiteensetting word beide eerste en tweede temas deur die lae strykers en houtblasers (tjello's, altviole en fagotte) gespeel.
- In die heruiteensetting word die tweede tema deur twee klarinette gespeel.
- Instrumente word op spesifieke maniere aangewend:
  - tremolo's in die strykers
  - *sf* akkoorde in die strykers
  - arpeggio-figure van die openingstema en legatospel van die strykers en fagotte
  - hoë tremolo's in die viole
  - Die opgaande arpeggio-figure wat in die laaste mate deur die fluite gespeel word, skep 'n vreedsame slot.

*Enige VIER*

**Voorbeeld van 'n slot**
Mendelssohn het hierdie werk binne die raamwerk van die Klassieke orkes en sonatevorm gekomponeer, maar het ook die diepte van sy emosionele ervaring tydens sy besoek aan Staffa Eiland gereflekteer deur sy orkestrasie.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| Oorsprong | | | 2 |
| Vorm | | | 6 |
| Instrumentasie en orkestrasie | | | 4 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Gemiddeld***<br>*Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*Geen duidelike inleiding of afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*Enkele paragraaf, swak poging met die skryf van die opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Onaanvaarbaar***<br>*Slegs enkele puntsgewyse feite* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African